monitor, criticize and to some extent direct the activities of the police in the area. The police has a very positive image and it is the most popular profession in Sweden. Only one out of ten applicants are admitted to the police force. The Chief Commissioner of the police in the county in which Lund is situated was a judge before he took up his present position!

We conclude with a few general observations. The Swedish political and administrative system is clearly based on a commitment to human rights. The commitment extends to their foreign policy and international development aid. We were struck by Sweden's political stability and achievement of economic and gender equality.

To an outsider it seems like a problem-free society. It is almost unreal to observe a society which has such social stability on the one hand and also a very human and humane side on the other hand. The Swedish way of life, although not attainable in South Africa in the foreseeable future, should remain as a contant reminder and example to everybody in our country. ❑

# GETUIENIS GELEWER VOOR TEMAKOMITEE 5 INSAKE DIE PROKUREUR-GENERAAL



**Verslag deur ANDRÉ BLIGNAUT SC**
**Kaapse Balie**

Op 5 Junie 1995 het ek namens die Algemene Balieraad (ABR) voor Temakomitee 5 van die Grondwetlike Vergadering in die Parlementsgebou, Kaapstad, verskyn ten einde vertoë te rig met betrekking tot Blokke 6 tot 9 van Temakomitee 5 se opdrag. Temakomitee 5 van die Grondwetlike Vergadering is die komitee wat belas is met die aspekte van die nuwe Grondwet wat handel met regters en die regstelsel.

Skriftelike vertoë namens die ABR is vooraf deur die Voorsitter, Malcolm Wallis SC, opgestel. Ek het die skriftelike vertoë ingehandig en dit kortliks behandel.

Die aangeleentheid wat die meeste debat uitgelok het, was Blok 6 wat handel met die aanstelling van prokureurs-generaal. 'n Vername punt van geskil, wat reeds voorheen in die openbaar geopper is, is of daar een nasionale prokureur-generaal behoort te wees of afsonderlike prokureurs-generaal vir elke provinsie. Ses van Suid-Afrika se prokureurs-generaal het persoonlik tydens dieselfde sitting voor die Temakomitee verskyn ten einde hul standpunt te motiveer dat daar afsonderlike PG's vir elke provinsie moet wees.

Die standpunt van die Algemene Balieraad, soos aan die komitee oorgedra, kan soos volg saamgevat word:

(1) Die onafhanklikheid van die prokureur-generaal is van wesenlike belang en die Grondwet moet bepalings bevat wat sy onafhanklikheid in die uitvoering van sy funksies verseker.

(2) Die aanstelling van prokureurs-generaal moet op 'n openlike wyse geskied, verkieslik op aanbeveling deur die Regtelike Dienskommissie. Die proses van aanstelling moet sodanig wees dat dit ook kandidate van elders as die bestaande PG-personeel sal trek.

Met betrekking tot die vraag of daar een enkele nasionale prokureur-generaal behoort te wees, is geen definitiewe standpunt namens die ABR ingeneem nie. Daar is net na verskeie argumente aangaande die relatiewe voor- en nadele van so 'n stelsel in vergelyking met die huidige stelsel verwys. Die vernaamste voordeel sou wees dat dit die koördinering van beleid en administrasie vergemaklik. Die vernaamste nadeel is dat dit tot 'n aansienlike konsentrasie van mag in een persoon aanleiding kan gee wat die risiko van politieke inmenging verhoog.